higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

(3011014)

23 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon AL jou berekeninge sodat punte toegeken kan word.
5. Gebruik 'n pen met slegs BLOU of SWART ink. Antwoorde in potlood sal NIE nagesien word NIE.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.
7. Waar toepaslik, word BTW teen 14**%** gehef.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Kortvrae	40	36 minute
AFDELING B			
2	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
3	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
4	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
5	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Hierdie vorm van eienaarskap het beperkte aanspreeklikheid	A	herstel en instandhouding van ondernemingsgeboue
1.1.2	Hierdie vorm van eienaarskap het nie beperkte aanspreeklikheid nie	B	begrotingsbeheer
1.1.3	'n Belastingaftrekbare uitgawe	C	gelykbreek
1.1.4	'n Individu se persoonlike inkomstebelastingopgawevorm	D	arbeidstakings
1.1.5	'n Uitlener vereis hierdie dokument vir 'n leningsaansoek	E	maatskappy
1.1.6	'n Niebelastingaftrekbare uitgawe	F	finansiële posisie
1.1.7	Eksterne beperking	G	IT12
1.1.8	Balansstaat	H	besluitneming
1.1.9	Die vergelyking van beplande en werklike inkomste en uitgawes	I	vennootskap
1.1.10	Die punt waarby totale inkomste = totale koste	J	positiewe afwyking
		K	huishoudelike uitgawes
		L	registrasiesertifikaat
		M	wins

(10 × 1) (10)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ... staan bekend as indirekte belasting wat die owerheid hef.

A Die lopendebetaalstelsel
B Belasting op toegevoegde waarde
C Voorlopige belasting
D Standaardinkomstebelasting

Kopiereg voorbehou

1.2.2 BTW wat 'n onderneming op sy verkope hef, word ... genoem.

A inset-BTW
B uitset-BTW
C voorlopige belasting
D standaardinkomstebelasting

1.2.3 'n Onderneming se bruto inkomste is R185 000 en sy aftrekbare bedryfsuitgawes is R61 000. Die eienaar se persoonlike uitgawes bedra R15 000. Sy belasbare inkomste is ...

A R124 000.
B R246 000.
C R61 000.
D R109 000.

1.2.4 Indien 'n onderneming se totale vaste koste verhoog en die grensinkomste per eenheid onveranderd bly, sal die gelykbreek-...

A waarde afneem.
B eenhede afneem.
C eenhede toeneem.
D eenhede onveranderd bly.

1.2.5 'n Onderneming se huuruitgawes is R3 500, sy elektrisiteit beloop R9 250 en sy versekering is R1 500. Sy totale vaste koste is ...

A R5 000.
B R3 500.
C R10 750.
D R12 750.

(5 × 1) (5)

1.3 Die volgende inligting is uit Limpopo Traders se rekords onttrek:

Eenhede geproduseer en verkoop	20 000 @ R5
Vaste koste	R15 000
Veranderlike koste per eenheid	R2 per eenheid

Bereken die volgende:

1.3.1 Totale veranderlike koste

1.3.2 Totale koste

1.3.3 Grensinkomste per eenheid

1.3.4 Gelykbreekeenhede

1.3.5 Gelykbreekrand (waarde)

(5 × 3) (15)

1.4 Bestudeer die volgende inligting wat uit Limpopo Traders se rekords op 31 Desember 2015 geneem is en beantwoord die vrae.

ITEM	BEGROOT	WERKLIK
Reklame	R2 890	R3 100
Herstelwerk	R3 400	R3 900
Versekering	R1 700	R1 700
Drukwerk	R295	R210
Elektrisiteit	R570	R590
Verkope	R9 300	R8 800

1.4.1 Verhoog die reklamebegroting vir Januarie 2016 met 20% op grond van die werklike bedrag vir Desember 2015. (2)

1.4.2 Bereken die afwyking vir herstelwerk en dui aan of dit 'n gunstige of ongunstige afwyking is. (2)

1.4.3 Bereken die afwyking vir drukwerk en dui aan of dit 'n gunstige of ongunstige afwyking is. (2)

1.4.4 Verminder die elektrisiteit vir Januarie 2016 met 15% op grond van die werklike bedrag vir Desember 2015. (2)

1.4.5 Is die afwyking vir verkope gunstig of ongunstig? (1)

1.4.6 Noem EEN van Limpopo Trader se vaste koste. (1)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

AL die vrae in AFDELING B is op die volgende scenario gebaseer:

Matilda Burger het by 'n fotografiemaatskappy gaan werk nadat sy haar diploma in finansiële bestuur by die Tegniese en Beroepsonderwys-en-opleiding-kollege in haar dorp behaal het.

Sy doen finansiële en kreatiewe ervaring in hierdie bedryf op aangesien sy geesdriftig daaroor is om verskillende kulture in hul onderskeie gedaantes in Suid-Afrika af te neem. Matilda werk 'n paar jaar lank in hierdie bedryf voordat sy 'n leemte in die mark raaksien om laekosteverjaarsdagkaartjies, groetekaarte en verskeie ander kaartjies wat die verskillende kulture in Suid-Afrika uitbeeld, te ontwerp.

Haar ouers gee toestemming dat sy haar eie onderneming, Snapshot, uit 'n woonstel op hul eiendom, wat sy by hulle huur, begin bedryf. Sy koop 'n betroubare voertuig en 'n topgehaltekamera aan deur van haar spaargeld te gebruik. Sy koop ook ontwikkelings- en druktoerusting met geld wat sy by haar ouers leen.

Terwyl sy met 'n fotografiekursus besig is, word sy bevriend met Morné Carelse wat 'n goeie fotograaf is. Sy oorweeg dit om die moontlikheid van 'n vennootskap met hom te bespreek. Matilda het onlangs drie goeie kontrakte verkry om kaartjies te ontwerp en sy bedank toe uit haar werk.

VRAAG 2

2.1 Matilda se ouers het 'n lening aan haar toegestaan om duur ontwikkelings- en druktoerusting aan te koop.

Gee TWEE voordele daarvan om by familie en vriende geld te leen. (2 × 2) (4)

2.2 Dui EEN nadeel daarvan aan as Matilda al haar spaargeld in haar onderneming belê. (2)

2.3 Matilda moet haar sakeplan voordurend met huidige en toepaslike inligting bywerk.

Dui TWEE bronne aan waaruit sy hierdie huidige en bygewerkte inligting kan bekom. (2)

2.4 Gee TWEE voordele wat dit vir Snapshot sal inhou as Morné Carelse 'n vennoot in die onderneming word. (4)

2.5 Noem enige TWEE van Matilda se persoonlike bates. (2)

2.6 Voltooi die volgende sinne deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.2) in te vul:

2.6.1 Snapshot is 'n klein onderneming. Matilda kan die onderneming vrywillig as BTW-ondernemer registreer as die omset meer as ... vir die afgelope twaalf maande was.

2.6.2 Indien Snapshot se omset meer as ... per jaar is, is Matilda verplig om die onderneming as BTW-ondernemer te registreer.

(2 × 1) (2)

2.7 Dui DRIE vereistes vir 'n goeie liasseerstelsel vir Snapshot aan. (3)

2.8 Matilda doen by Cap Bank aansoek om 'n lening van R50 000. Die lening is in gelyke paaiemente oor 4 jaar teen 9% rente per jaar terugbetaalbaar.

Bereken die maandelikse paaiement, insluitende die rente. Toon AL jou berekeninge en rond jou antwoorde af tot TWEE desimale plekke. (6)

2.9 Dui aan of die volgende koste van Snapshot DIREKTE KOSTE of INDIREKTE KOSTE is. Skryf slegs die woorde 'Direkte koste' of 'Indirekte koste' langs die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.9.1 Inkkassette om die verjaarsdagkaartjies te druk

2.9.2 Drukpapier vir die verjaarsdagkaartjies

2.9.3 Geheuekaarte vir die kamera

2.9.4 Koffie en melk

(4 × 1) (4)

2.10 Snapshot koop spesiale kaartjiedrukpapier by verskeie verskaffers soos Paper Man Bpk. Paper Man Bpk. vervaardig elke boks kaartjiepapier teen R120 en verkoop dit vir R300 elk aan Snapshot.

Bestudeer die volgende inligting uit Paper Man Bpk. se rekords en beantwoord die vrae wat daarop volg:

BOKSE DRUKPAPIER	VERANDERLIKE KOSTE	VASTE KOSTE	TOTALE KOSTE	TOTALE VERKOPE	WINS/ VERLIES
40	R4 800	R7 200		R12 000	
80	R9 600	R7 200	R16 800	R24 000	
120	R14 400		**2.10.1**	R36 000	**2.10.2**
140	R16 800		R24 000	R42 000	R18 000
160	R19 200		R26 400	**2.10.4**	
200	**2.10.3**				

2.10.1 Bereken die totale koste van 120 bokse papier. (2)

2.10.2 Bereken die wins/verlies wanneer 120 bokse papier verkoop word. (2)

2.10.3 Bereken die veranderlike koste wanneer 180 bokse papier geproduseer word. (2)

2.10.4 Bereken die totale verkope van 160 bokse papier. (2)

2.10.5 Hoeveel bokse papier moet verkoop word om gelyk te breek? (1)

Kopiereg voorbehou

2.11 Matilda koop ink en fotografiepapier op krediet by Ink BK aan.

Noem TWEE risiko's wat geloop word as 'n verskaffer nie betyds betaal word nie. (2)

[40]

VRAAG 3

3.1 Omskryf die term *begroting*. (2)

3.2 Dui TWEE interne beperkinge aan wat Snapshot kan ondervind EN dui aan hoe Matilda elke beperking kan bestuur. (2 × 2) (4)

3.3 Verduidelik kortliks die term *buigsame begroting*. (2)

3.4 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

ITEM	NOVEMBER 2015 – BEGROOT
Omset	R185 000
Minus: Koste van verkope	R130 850
Bruto wins	R54 150
Plus: Ander inkomste	R3 250
Minus: Bedryfsuitgawes	R32 050
Netto wins	R25 350

3.4.1 Bereken die afwyking vir die bedryfsuitgawes as die werklike bedrag R36 020 vir November 2015 is. (2)

3.4.2 Die werklike koste van verkope vir November 2015 was R59 500. Bereken die afwyking vir die koste van verkope vir November 2015. (2)

3.4.3 Die werklike omset is R197 000. Dui aan of die afwyking in die omset positief of negatief is. (1)

3.4.4 Dui EEN moontlike rede aan vir die afwyking wat in VRAAG 3.4.3 genoem word. (2)

3.4.5 Adviseer Matilda oor TWEE maniere waarop sy haar onderneming se kontantvloeiposisie kan verbeter. (2 × 2) (4)

3.5 Bereken die netto huidige waarde (NHW) van 'n onderwaterse kamera wat Matilda van plan is om te koop. Die koste van hierdie kamera is R48 000 en dit het 'n nuttige gebruiksduur van 4 jaar. Die verwagte opbrengskoers is 10%.

Die volgende kontantvloeie betreffende die kamera word verwag:

- R20 000 vir jaar 1
- R22 000 vir jaar 2
- R15 000 vir jaar 3
- R12 000 vir jaar 4

Kopiereg voorbehou

Die verdiskonteerde faktore van 10% is soos volg:

- Jaar 1: 0,909
- Jaar 2: 0,826
- Jaar 3: 0,751
- Jaar 4: 0,683

Toon AL jou berekeninge. (7)

3.6 Moet Matilda bogenoemde kamera koop? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.7 Noem TWEE ander investeringsbeoordelingstegnieke buiten die NHW. (2)

3.8 Gee vir Matilda TWEE riglyne oor hoe sy haar debiteure effektief kan bestuur. (2)

3.9 Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n *bedryfslas* en 'n *niebedryfslas* en gee 'n voorbeeld van elkeen. (4)

3.10 Dui TWEE maniere aan waarop Matilda Snapshot se bokoste kan laag hou. (2)

3.11 Noem enige TWEE eksterne beperkinge wat Matilda kan verhinder om haar oogmerke en doelwitte te bereik. (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE voordele aan Matilda as haar onderneming gereeld finansiële verslae produseer. (4)

4.2 Verduidelik kortliks die term *nulgebaseerde begroting*. (2)

4.3 Matilda moet binnekort by die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) registreer.

Gee EEN oogmerk van die WVF. (2)

4.4 Bestudeer die volgende opsomming van Snapshot se inkomstestaat en beantwoord die vrae wat daarop volg. Rond jou antwoord af tot 2 desimale.

INKOMSTESTAAT	DESEMBER 2014	DESEMBER 2015
Omset	R180 900	R195 000
Koste van verkope	R52 500	R55 700
Bruto wins	R128 400	R139 300
Plus: Ander inkomste	R1 750	R1 900
Minus: Bedryfsuitgawes	R29 150	R26 450
Netto inkomste voor rente	R101 000	R114 750
Rente betaal	R2 500	R2 400
Netto inkomste ná rente	R98 500	R112 350

4.4.1 Bereken die nettowinspersentasie vir 2015. (3)

4.4.2 Die nettowinspersentasie vir 2014 was 54,45%.

Vergelyk hierdie verhouding vir albei die jare en maak EEN opmerking daaroor. (2)

4.4.3 Bereken die omsetprestasieverhouding vir 2015. Toon die formule. (5)

4.4.4 Maak van 'n inkrementele begroting van 12% gebruik om die begrote bruto wins vir Desember 2016 te bereken. (3)

4.5 Stel TWEE maniere voor waarop Matilda beheer oor haar begroting kan uitoefen. (2)

4.8 Bestudeer die volgende uittreksel uit Snapshot se rekords en beantwoord die vrae:

SNAPSHOT SE BALANSSTAAT SOOS OP 31 DESEMBER		
	2014	**2015**
	R	**R**
Niebedryfsbates	155 000	155 000
Bedryfsbates	32 750	35 300
Totale bates	187 750	190 300
Eienaarsbelang	164 750	166 800
Niebedryfslaste	15 000	15 000
Bedryfslaste	8 000	8 500
Totale ekwiteit en laste	187 750	190 300

Bykomende inligting

Wins voor belasting	R98 500	R112 350
Kredietaankope	R8 000	R8 500

Toon AL die formules en berekeninge.

4.8.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2015. (4)

4.8.2 Maak EEN opmerking oor die bedryfsverhouding wat in VRAAG 4.8.1 bereken is. (2)

4.8.3 Bereken die opbrengs op belegging (OOB) vir 2015. (4)

4.8.4 Die OOB vir 2014 was 59.79%.

Vergelyk die OOB vir albei jare (2014 en 2015) en lewer kommentaar daaroor. (2)

4.9 Gee TWEE voorbeelde van wanneer die SAID 'n ondernemingseienaar kan beboet of gevange kan neem. (2)

4.10 Noem TWEE dinge wat met Matilda kan gebeur as sy versuim om gereeld finansiële verslae vir Snapshot op te stel. (2)

4.11 Noem EEN van Snapshot se aanspreeklikhede uit die scenario. (1)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks die term *belastingkorting*. (2)

5.2 'n Onderneming se totale lone vir Desember 2017 is R12 500. Bereken die totale bedrag wat die onderneming aan die Werkloosheidsversekeringsfonds moet betaal (insluitende die werknemer en die werkgewer se bydrae teen 1% elk). (3)

5.3 Gee EEN rede dat Matilda kwitansies van haar onderneming veilig moet bewaar. (1)

5.4 Noem enige DRIE komponente wat Matilda by haar sakeplan moet insluit. (3)

5.5 Matilda koop 'n skootrekenaar vir R7 999 aan wat 'n nuttige lewensduur van 3 jaar het. Daar word 25% per jaar met behulp van die reguitlynmetode vir waardevermindering op die skootrekenaar voorsiening gemaak.

Bereken die waardevermindering op die skootrekenaar vir die eerste 2 jaar. (3)

5.6 Dui vir Matilda aan of die volgende uitgawes van Snapshot BELASTINGAFTREKBAAR of NIEBELASTINGAFTREKBAAR is nie. Skryf slegs 'Belastingaftrekbaar' of 'Niebelastingaftrekbaar' en gee 'n rede vir elke antwoord.

5.6.1 Waardevermindering op die kameratoerusting

5.6.2 Prokureursgelde om 'n debiteur hof toe te neem omdat hy nie sy rekening betaal nie

5.6.3 Rente wat op die laat betaling van inkomstebelasting aan die SAID betaal moet word

(3 × 2) (6)

5.7 Snapshot verkoop in Desember 2015 kaartjies vir R21 250 aan 'n debiteur. Die onderneming koop voorraad aan om hierdie kaartjies vir R7 150 te produseer. Ander inkomste bedra R200, en lone van R1 350 word betaal.

Bereken die bruto wins. (2)

5.8 Verduidelik kortliks hoe 'n eenmansaak belas word. (2)

Kopiereg voorbehou

5.9 Bestudeer die belastingtabel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg. Toon AL jou berekeninge.

BELASTINGTABEL	
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERSE**
Rand	**Rand**
0–174 550	18% van belasbare inkomste
174 551–272 700	31 419 + 25% van belasbare inkomste bo 174 550
272 701–377 450	55 957 + 30% van belasbare inkomste bo 272 700
377 451–528 000	87 382 + 35% van belasbare inkomste bo 377 450
528 001–673 100	140 074 + 38% van belasbare inkomste bo 528 000
673 101 en hoër	195 212 + 40% van belasbare inkomste bo 673 100

Belastingkortings:	
Primêr	R12 726
Sekondêr: Persone bo 65 jaar	R7 110
Tersiêr: Persone van 75 jaar en ouer	R2 367

5.9.1 Thuli is 48 jaar oud en haar belasbare inkomste is R29 000 per maand.

Bereken die belasting wat betaalbaar is. (6)

5.9.2 Matilda se 72-jarige vader werk deeltyds en verdien 'n belasbare inkomste van R180 000 per jaar.

Bereken die belasting wat betaalbaar is. (6)

5.10 Noem EEN ding wat die regering doen met die belasting wat hy by individue en ondernemings insamel. (2)

5.11 Matilda se ouers vra haar huurgeld van R5 000 per maand. Hulle stel haar in kennis dat haar huurgeld met ingang van 1 Januarie 2016 met 10% gaan verhoog.

Matilda projekteer dat haar veranderlike koste met ingang van 1 Desember met 5% sal styg.

Bereken haar huurgeld vir:

5.11.1 Desember 2015

5.11.2 Januarie 2016

(2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou